***KLIP-IN-DIE-BOS*** ***TRAILING COAT-TAILS***

# Skryf 'n Brief vir die Snippermandjie

JOHAN SPIES

Groot dinge begin dikwels stroom-op. Copernicus het byna die hemel se dak laat inval toe hy sê ons ry op die aarde al om 'n stilstaande son. Dit het hom amper sy nek gekos. Baie belangrike dinge het teen die heersende opvatting tot stand gekom. Iemand moes eerste sê 'n mens kan onder die oppervlak van die see vaar, jy kan deur die lug ry, huise op mekaar bou. Dit was selfs nodig dat iemand eerste aan dokters sê om alles by bevallings sneeuskoon te hou.

'n Mens moet teen die heersende opvatting in kan gaan.

Die heersende opvatting is dat jy 'n brief aan jou koerant skryf om dit gepubliseer te kry. Ek sê: skryf daardie brief om dit nie gepubliseer te kry nie. Ja, u het reg gelees: skryf hom om hom daarna stukkend te skeur en in die snippermandjie te gooi. U sê ek is laf. Dalk is ek. Maar Copernicus was ook laf. Al die geleerdes het dit gesê, met die ongeleerdes agterna.

Dis ook waar dat baie groot ontdekkings per toeval gedoen is. Soos Saul donkies gesoek en 'n koninkryk gekry het, het die Skot Perkin kinine gesoek en op anilien-kleurstowwe afgekom. Sedertdien haal ons uit swart steenkool al die kleure om ons vroue vrolik te kleed.

My ontdekking is ook per toeval gedoen. Ek is weer daaraan herinner deur die man wat nou die dag in die hof was omdat hy sy vaal Rover nie laat weeg het nie. Jare gelede kry ek toe ook skriftelik opdrag om my groen Fordjie te laat weeg. Anders sal ek kragtens ordonnansie met die strengheid van die wet vervolg word. Hulle reken op my samewerking.

Toe kook ek al taamlik.

Ek het laat weeg. Vyf-en-sewentig sent. Ek het betaal, maar die Provinsie se skaalman sal nou nog sê wat die gewig was. Die Provinsie sal nou nog sê waarom ek moes laat weeg en wat die resultaat was.

Dankie vir die same . . .

Net hier het ek op die nippertjie verhoed dat ek ontplof. Ek het gaan sit en 'n brief geskryf:

Die Administrateur ('n vorige, nou al dood) en sy horde van amptenare daar in Waalstraat, wie dink hulle dat hulle is? Is hulle die base van Kaapland of is hulle die dienaars van Kaapland?

Van wanneer af kan hulle my rond en bont hierjy soos hulle wil? Het hulle nie beter werk as om snags wakker te lê oor die gewig van 'n groen Fordjie van 1953 nie? Dis waarom Kaapland lyk soos hy lyk en almal wegtrek Transvaal toe. Omdat ons politieke knolle sonder kennis van administrasie met mag en gesag beklee. Klein mannetjies wat nie kan onderskei tussen hoofsaak en bysaak nie. En hoe het daardie skaalman die monopolie gekry wat hom R50 000 p.j. in die sak bring? Die publiek het die reg om te weet. En het hulle nie die verstand om met gemiddeldes te werk nie?

Erger het gevolg. Daarvan vertel ek wanneer die hollers die Publikasieraad oorgeneem het.

Die volgende oggend was ek afgekoel. Toe lyk die brief en my grief glad nie meer indrukwekkend nie. Dis wonderlik hoe jy afkoel as jy die ding uit jou sisteem gehaal en op papier geplaas het. Dis 'n virus wat jy geïsoleer het. Dis 'n fyt wat nou aan 'n ander man se vinger is. Jy kan hom objektief sien en sy mate aan hom gee. Aan jou eie vinger oorheers hy jou hele liggaam en gees.

Ek het die brief stukkend geskeur en weggegooi. Daarna het ek dit al twintig keer gedoen. Ek kan dit aanbeveel. As jou gal dik raak, as jou vrou onmoontlik raak—skryf 'n brief. (Laat sy hom tog net nie in die hande kry voor jy hom stukkend skeur nie.) Jy sal goed voel daarna. Jou vriende sal goed voel, want hulle hoef nie na jou griewe te luister nie. Die administrateur sal goed voel, want hy word nie beledig nie en kan aanhou glo dat hy 'n gawe kêrel is. Die redakteur sal goed voel omdat hy een laster nie gepubliseer het nie. Die ander briefskrywers voel goed, want hulle briewe is nie deur joue uitgedruk nie. Die lesers voel goed, want hulle het lankal genoeg van klagtes en griewe. Ons oorwerkte regters voel goed, want hier is een lastersaak minder. My vrou voel goed, want die volgende tuinparty lê voor . . .

Dis nie die einde van die goed wat jy doen nie. Vul self aan, liewe leser.

Maar die grootste goed doen jy aan jouself. Dis 'n suiwering van binne. Dis 'n katarsis. Dis 'n merkwaardige sielkundige terapie. Ek wed driekwart van die mense sou nie van hul wysie geraak het as hulle dit betyds begin doen het nie.

Een man sal nie goed voel as hierdie soort selfgenesing naderhand mode word nie. Dis die psigiater. Die man het vrou en kinders, aangeskaf op die sterkte van voldoende verknoeide geeste in elke gemeenskap. As hy enigsins aantreklik van aanleg is, kan die ding onvoorspelbare gevolge hê. As hy depressiewe neigings het, kan dit nodig word om 'n psigiater te raadpleeg. Maar ek sou hom aanraai om vir eers nie so ver te gaan nie. Dalk help 'n eenvoudiger raat ook vir hom: Skryf 'n brief, vir die snippermandjie!

*Naskrif.* Hierdie skryfsel moes ook na die snippermandjie gegaan het. Hy sou, as ek hom nie aan die Redakteur beloof het nie. Maar niks verhoed hom om sý mandjie te gebruik nie.